

Sing vooraf staande: Psalm 38:1, 3, 10, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sondeⁿ sondeskuld.
- 3 Niks is aan my sonder wond nie, / niks gesond nie, / om u grimmigheid, o HEER!
Om my ongeregtighede / is geen vrede / in my beend're immermeer.
- 10 Ver van my, uit diep mishae / vir my plaë, / het my vriende weggegaan.
Selfs verwante wil nie bly nie / naby my nie, / maar hul staar van ver my aan.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 69:1, 6 (p. 342)

- 1 Help my, o God, want ek vergaan! / Ek het in modder ingegly
waar daar geen staanplek is vir my; / en oor my storm die waters aan.
Ek roep my hees, my oog versmag, / waar ek vergeefs op U bly wag.
- 6 Maar my gebed is tot U, HEER! / Daar is 'n tyd dat U verhoor: /
in grote goedheid, neig u oor, / en deur u trou, verlos my weer.
Verlos my uit die modderpoel / en waterstroom wat om my spoel.

Gebed

Psalm 119:11, 12 (p. 588)

- 11 HEER, leer my u wet dat ek dit / tot die einde toe kan hou;
gee verstand en gee volharding, / dan bly ek daaraan getrou.
Laat my leef na u bevele – / niks wat my só kan behaag.
Neig my hart daartoe, maar nimmer / om na woekerwins te jaag.
- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofteⁿ aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer leweⁿ in my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.

Skriflesing: Levitikus 4:1 – 5:13

Kernverse: Levitikus 4:19-21

Hy verwyder ook al die vet van die dier en verbrand dit op die altaar. Verder doen hy met die bul presies wat gedoen moet word met die sondeoffer. So doen die priester versoening vir die volk en word hulle sonde vergewe. Hy bring dan die bul buitekant die kamp en verbrand dit net soos die bul wat voorheen genoem is. Dit is die sondeoffer van die volk. (Levitikus 4:19-21 AFR 1983)

Tema: Elke lieve sondaar moet met God versoen word

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons mense kan allerhande truuks uithaal wanneer dit by skuld en sonde kom. Een van ons oudste truiks is om die skuld op iemand anders af te skuif. Dit is nie ek wat skuldig is nie; dit is die ander een se skuld dat ek verkeerd opgetree het. 'n Ander versinsel wat ons het, is om onself wys te maak dat dit waarmee ek besig is, nie verkeerd is nie solank as wat ek maar net nie uitgevang word nie. Eers wanneer ek gevang word, is ek skuldig.

En wanneer ons betrap word dat ons verkeerd gedoen het, is dit nog nie te sê dat ons sommer daar en dan met berou ons skuld sal bely nie. Wanneer iemand gevang word, is daardie een soms vinnig om te sê: “Maar die ander doen ook hierdie dinge, waarom moet ek nou alleen daarvoor boet?” Of ons redeneer dat ons darem in aansien is in die gemeenskap, daarom moet die vermaning so 'n bietjie ligter wees. 'n Leier in die gemeenskap kan mos nie dieselfde vernedering deurgaans wat 'n gewone burger deurgaans nie. Of ons maak maklik baie gou verskoning deur te sê: “Maar ek het nie geweet dit is verkeerd nie,” en meen om daarmee vrygeskeld te word.

Broers, susters en kinders, dit is nou maar eenmaal ons geaardheid om ons sonde as 'n kleinigheid te beskou. Dit is in ons oë gewoonlik maar 'n ou foutjie waarvoor ons sommer so vinnig-vinnig ekskuus wil sê en meen daarmee is die ou sakie afgehandel. Sonde is in wese nie maar net die oortreding van 'n paar onbenullige reëltjies nie. Ons Christene kan en mag nie soos die ongelowiges redeneer nie. Ons het immers die Heilige Gees en Hy lei ons met die Woord van die Here om die werklikheid raak te sien. Die Heilige Gees leer ons om te kan sien soos en wat die Here self sien. En in die oë van die Here is sonde, my en jou sonde, 'n persoonlike aanval op Hom, want met ons sondes ontken ons sy genade en verwerp ons sy liefde. En die gevolg van ons sondes is dat daar verwydering tussen ons en God kom. Ons kry al meer en meer die gevoel dat die Here ver van ons af is en die wêreld wat die Here as 'n tuiste vir ons gegee het, word 'n plek wat waarin ons verdwaal en waarvan ons wil wegkom.

Selfs kinders begryp hierdie verskriklike nagevolge van die sonde. Kinders, wanneer julle gehoorsaam en soet is, is dit mos lekker om by pa en ma te wees. Julle kan lekker saam lag en speel. Maar boeta, kyk nou net wat gebeur wanneer julle stout is. Dan is pa en ma kwaad en jy wil nie naby hulle kom nie. As jy kon, sou jy eerder wou weghardloop, want die huis waarin jy tuis moes wees, is nou 'n plek waarvan jy wil wegkom.

Wanneer 'n mens raaksien hoe ernstig sonde werklik is, wil 'n mens weet of daar 'n manier is om weer die sake reg te stel. Trouens, 'n gelowige voel mos aan en jy wil die verhouding weer regmaak met die Here en met ander mense wat seergekry het deur jou sonde. Daar is inderdaad 'n manier om die sake weer reg te maak. Vir Israel was die sondeoffer die middel om dit wat verniel is deur die sonde weer reg te maak. En kyk nou net watter groot genade die Here bewys. Hy wat deur die mens se sondes verontreg en seergemaak is, gee self die middel waarmee en die pad waarlangs die mens sy en haar verhouding met die Here kan herstel.

Nou wil 'n mens dadelik vra of alle sondes dan so ernstig is soos wat ons nou net gehoor het. Luister wat sê die Here sommer hier aan die begin. **Wanneer iemand onopsetlik teen enige van die geboie van die Here sondig en iets doen wat hy nie mag doen nie**, moet hy 'n sondeoffer vir die Here bring. As iemand opsetlik sonde doen, dan het hy vooraf beplan om sonde te doen. Vir ons

mense is dit sommer baie erg en in die hof tel so 'n beplande oortreding swaar teen die een wat skuldig is. As jy 'n diefstal of 'n moord beplan, sal die regter dit swaar teen jou laat tel. Maar wanneer iemand per ongeluk sou sterf deur jou optrede, neem die regter dit in ag en jy word aangekla vir manslag en nie vir moord nie.

Vir die Here is daar egter nie so 'n onderskeid nie. Een sonde is nie erger as 'n ander een nie. Alle sondes is ewe erg, want alle sondes, ook daardie sondes wat ons so per ongeluk doen, is 'n persoonlike aanval teen die Here. Daarom word 'n per-ongeluk-sonde nie sommer met 'n ekskuus reggemaak nie. Die Israeliet moes die sondeoffer bring.

Goed, sal ons sê, 'n onbeplande en 'n beplande sonde is ewe erg, maar daar is darem seker 'n onderskeid tussen 'n beplande sonde en iets wat jy verkeerd doen sonder dat jy regtig weet dit is verkeerd. Ook hieroor leer die Here ons. In ons twee hoofstukke praat die Heilige Gees juis van hierdie soort sondes. Jy hoor miskien so terloops van iets wat slegs van 'n ander gesê word of beplan word. Jy self ly nie skade nie. Wat doen jy nou? Moet jy iets daaraan doen of moet jy eerder stilbly? Ons kies maklik die tweede opsie. Ons bly eerder stil as om iets daaraan te doen. Die Here sê: As jy niks doen nie, is jy skuldig. En die Israeliet wat hieraan skuldig was, moes steeds die sondeoffer vir die Here bring.

In ons Westerse samelewing is dit nogal iets wat baie keer gebeur. As my buurman sy vrou elke aand verinnuweer deur haar te slaan of haar te skel en te vloek nadat hy 'n paar drankies gedrink het, trek ons eerder die deur en gordyne dig toe. Ek wil net nie betrokke raak nie. Die Here sê: Nee, jy is skuldig aan jou buurman se sonde, want jy was 'n getuie daarvan.

Selfs as jy iets doen waarvan jy regtig onbewus is dat dit verkeerd is, soos wat hier in vers 2 en 3 genoem word, stel jou onwetendheid jou nie vry nie. Jy is skuldig, sê die Here. En as jy te gou jou mond oopmaak en dinge sê sonder dat jy mooi gedink het, sal *sorry* nie help nie. Ons almal weet hoe kan ons onbesonne woorde mense seermaak, en ons weet dat *sorry* nie daardie seer kan regmaak nie. Die Here sê vir die Israeliet en vir ons: Jy is skuldig. Die Israeliet wat enige van hierdie sonde gedoen het deur agtelosigheid, moes 'n sondeoffer vir die Here bring.

Dit word nou vir ons duidelik, geliefdes, dat sonde nie net 'n persoonlike aanval teen die Here is nie, maar dit bring ook ons verhoudings met ander mense in gedrang. Ander mense ly ook skade en kry ook seer oor dit wat ons onbepland verkeerd doen. Dit bring ons daarby uit om te hoor of die Here ook dink 'n leier in die samelewing moet ligter daarvan afkom as 'n gewone burger.

Wanneer die Heilige Gees oor onopsetlike sondes en die sondeoffer vir hierdie sondes begin praat, begin Hy nie by die gewone burger nie, maar juis by die leier. Hy begin by die gesalfde priester – die hoëpriester. En as ons lees wat hy alles moet doen met sy sondeoffer teenoor wat die gewone burger met sy sondeoffer moet doen, kom ons agter dat 'n leier inderdaad nie ligter daarvan kan afkom as 'n gewone burger nie. Inteendeel, hy moet homself op presies dieselfde manier verneder as wat 'n gewone burger hom moet verneder. Hy moet ook die sondeoffer na die ingang van die tent bring, sy hand op die dier se kop sit en die dier daar in die teenwoordigheid van die Here slag. Dan kan hy nie sommer maar net die bloed teen die altaar gaan uitgooi nie – hy moet dit in die heiligdom indra en die bloed teen die gordyn gaan sprinkel.

Hoekom, wil 'n mens vra, moet die hoëpriester met sy sondeoffer meer doen, selfs in die heiligdom ingaan daarmee, terwyl die gewone burger se sondeoffer buite by die altaar afgehandel word? Omdat sonde nie maar net 'n persoonlike saak tussen jou en die Here alleen is nie. My en jou sonde het ook slegte nagevolge vir die mense rondom ons. In die geval van 'n priester, as hy sondig kom daar verwydering tussen hom en God, terwyl hy juis deur die Here aangestel is om namens die volk voor die Here in die heiligdom te verskyn. Dit is dan nie net hy wat ly as gevolg van sy sonde nie,

maar die hele volk. As die hoëpriester nie namens die volk voor die Here kan kom nie, is daar niemand anders om dit te doen nie.

My en jou posisie in die samelewing stel ons nie vry van die skuld aan sonde nie. Elke liewe mens – van die leiers tot die gewone burgers – moet versoening by die Here soek. En vir die Israeliete was daar net een manier, dit is deur die sondeoffer wat die Here in sy groot genade aan hulle gegee het.

Daar kan alleenlik versoening tussen God en die mens kom wanneer daar vir die sonde betaal is. En die enigste betaling wat die Here vir die sonde aanvaar is dat die sondaar moet sterf. Maar die Here is nie 'n genadelose God nie, daarom gee Hy die sondeoffer vir sy volk. Die bul of skaap of bok of duif sterf in die plek van die sondaar. Daarom moes die sondaar sy hand op die kop van die dier sit om daarmee sy sondeskuld voor die Here te erken en te bely. Die bloed word teen die altaar uitgegiet as bewys dat daar met die dood vir die sonde betaal is. Verder word die niere en lewer en vet op die altaar verbrand net soos by die maaltydoffer. Die vet is teken van krag en voorspoed. Die niere en lewer was vir die mense van daardie tyd die setel van 'n mens se diepste emosies en gedagtes. Deur die vet, niere en lewer te offer, offer die gelowige nie net die beste van die dier aan die Here nie, maar offer hy ook sy krag en voorspoed, sy emosies en gedagtes aan die Here op. Die gelowige se verstand, krag en siel is besmet deur die sonde wat hy gedoen het.

Ons Skrifgedeelte sluit af met verskillende soorte goed wat as sondeoffer vir die Here gebring kan word. As die sondaar nie 'n skaap of 'n bok kan bekostig vir die sondeoffer nie, kan hy twee tortelduiwe of twee ander duiwe vir die Here bring. En as die sondaar selfs nie eers twee duiwe kan bekostig nie, kan hy twee kilogram meel vir die priester bring en die priester neem 'n handvol meel en verbrand dit op die altaar.

God se bedoeling hiermee is nie om te sê dat 'n arm mens minder skuldig is as 'n ryk mens nie. Alle sondes is ewe erg en of jy ryk of arm is, is jy ewe skuldig voor die Here. Nee, die Here se bedoeling is dat selfs nie eers my armoede my daarvan mag weerhou om weer versoening by God te kry nie. Hoe genadig en vol begrip en barmhartig is ons God dan nie, geliefdes. Net 'n handvol meel is genoeg om selfs die armste sondaar met God te versoen. Die liefde wat die Here vir sy mense het, is waarlik ondeurgrondelik. Niemand van hulle wat aan Hom behoort, mag verlore gaan deur hulle sonde nie. Daar is versoening vir elkeen.

Dit is immers wat die sondeoffer vir die sondaar teweegbring – versoening. Die afstand wat daar tussen die mens en God gekom het deur die sonde word weggeneem. Die Here vergewe die sondaar en sy en haar verhouding met die Here is dan so asof daar nog nooit iets verkeerd was nie. Die Here vergewe die sondaar geheel en al. So hoor die gelowige dit wanneer die priester die offer afgehandel het – jou sondes is vergewe, jy is weer met God versoen.

Die enigste betaling van sondeskuld is steeds die dood. Dit het nog nie verander nie, geliefdes. Maar as 'n sondaar vir sy sonde moet sterf, is dit verby met hom en haar. En die bloed van bokke en bulle en skape kon ook nie die sonde geheel en al wegneem nie. Elke dag moes daar diere sterf vir die sonde van die gelowiges in die Ou Testament. Daarom het die Here self iemand gegee wie se bloed genoeg is om al die sondes van die hele wêreld weg te neem. Weer 'n keer gee die Here self die middel om met Hom versoen te word, naamlik sy eie Seun, ons Here Jesus Christus. Jesus het net nodig gehad om een maal vir ons sondes te sterf om al ons sondes weg te neem. Hy is ons Hoëpriester wat Homself in ons plek aan die kruis geoffer.

Maar Hy het nie net vir ons gesterf nie. Hy het die prys vir ons sondes ten volle betaal, daarom het Hy ook uit die dood uit opgestaan. En Hy het die Heilige Gees aan ons gegee, aan elkeen van ons, sodat elke een van ons – klein en groot, arm en ryk, leier en gewone burger – ons versoening by Christus kan gaan soek en dit van die Vader ook kan kry. Ons hoef nie meer diere se bloed te stort

vir ons sondes nie. Die Lam van God het eens en vir altyd sy bloed vir ons sondes gestort. Nou kan elkeen van ons in die geloof aan Jesus en sy offer vashou wanneer ons met berou ons sondes voor die Here bely en Hy vergewe ons so asof ons nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie.

Geliefdes, niemand van ons is te onbenullig vir die Here nie. Hy wil hê dat elkeen van ons dieselfde versoening van Hom kry. Niemand van ons se sonde is so klein dat ons die Here nie daarvoor om vergifnis hoef te smek nie. Elke sonde, hoe klein dit ook al in ons oë lyk, is geweld teen die Here en bring ons verhouding met Hom en met ander mense in gedrang. Niemand van ons is as gevolg van sy posisie in die samelewing of selfs in die kerk daarop geregtig om sommer net met 'n *sorry* vry te kom nie. Elkeen van ons het versoening by die Here nodig en die enigste weg is vernedering, berou en belydenis voor die Here by die kruis van Jesus Christus. Mag die Heilige Gees ons almal elke dag by Christus bring om ons skuld te bely, want Hy belowe: As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

Amen!

Slotgebed

Psalm 32:2, 3 (p. 151)

- 2 Toe ek voor U al worst'lende verstom het, / geen boetgebed my uit die hart gekom het,
het my gebeent', verskrik deur my geklag, / verswak en uitgeteer die ganse dag.
U hand het swaar gedruk op al my lede: / bedags geen rus, en snags geen stem van vrede;
my krag het weggedroog van uur tot uur / soos velde deur die somersonnevuur.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
6 November 2011